Dit mag amorf en multi-sentries wees, of dit kan duidelik as 'n meer omskrewe, uitstaande gekalsifiseerde digtheid waargeneem word. Laasgenoemde vorm neig om ooreen te stem met die radiologiese bevindings in gevalle van bursitis calcarea. Dit kan daarop dui dat die toestand tog moontlik deur trauma veroorsaak word, kliniese tekens tot gevolg mag hê en as 'n uitstaande kalsifiseerde liggaampie(s) in die aangetasde weefsels waargeneem kan word. Die *M. gluteus medius* se aanhegting op die punt van die *T. major* is 'n baie moontlike area van besering, met gevolglike distrofiese kalsifikasie, en die ontwikkeling van bursitis calcarea. Die besering en gepaardgaande inflammasie van die pees-aanhegting, kan wel inflammasie insluit van die trochanter se bursa, wat tussen die kraakbeen oor die trochanter en die peesaanhegting lê.

In die mens is die tweede algemeenste area van bursitis, ná die skouergebied, die trochanter[1]. Met bursitis is die bursa meesal edemateus, hiperemies en verdik. As die gekalsifiseerde materiaal uit die bursa vrygelaat word, word die pyn dikwels spontaan verlig[1]. Hierdie bevinding in die mens kan dalk direk van toepassing wees in die geval van die Border Kollie wat hier beskryf word.

BEHANDELING

Chirurgie is oorweeg, maar aangesien die graad van simptome nie van 'n ernstige graad was nie, en omdat die los beentjie so klein was, is dit laat vaar. Konserwatiewe behandeling is dus toegepas wat bestaan het uit anti-inflammatoriese middels en rus.

Die hond het 0,75 ml deksametasoon (Dexafort, Panvet) binnespiers gekry, wat na 4 dae opgevolg is met 2 tablette 100 mg fenielbutasoon en 200 mg isopirien (Tomanol, Byk Gulden), twee maal per dag, per os vir 10 dae. Rus is sover prakties moontlik toegepas, aangesien Border Kollies aktiewe honde is. Geen gedwonge oefeninge, spelery, of plesier-stappery saam met die eienaar is toegelaat nie en die hond is so stil moontlik in 'n agterplaas gehou.

Na die 14 dae behandeling was daar 'n merkbare verbetering. Een maand na die behandeling begin is, het die hond nog net van tyd tot tyd effense mankheid getoon as sy gehardloop het. 'n Verdere maand later is die laaste ondersoek gedoen en toe was die mankheid afwesig.

BESPREKING

Bursitis calcarea is 'n raar kondisie in honde en sover as die outeurs kon vasstel, is hierdie die eerste verslag van die toestand in Suid-Afrika.

Faktore wat bydra tot bursitis calcarea is nog onseker, maar daar is moontlik 'n verband tussen die toestand en vinnig groeiende rasse asook aktiewe honde. Trauma speel waarskynlik 'n rol en kongenitale oorsake is nie uitgesluit nie.

Mayrhofer en Olensky[2] se ondersoek het gegaan oor honde wat nie kliniese simptome getoon het nie, terwyl die geval onder bespreking spesifiek ingebring is met die klagte van mankheid. Bursitis calcarea behoort dus as 'n differensiële diagnose van mankheid in honde beskou te word.

Die behandeling was simptomaties, aangesien die mankheid eerder die indruk van ongemak as pyn gewek het. Konserwatiewe behandeling oor 'n tydperk, blyk 'n praktiese benadering te wees.

Volgens Mayrhofer en Olensky[2] kan die volgende radiologiese toestande met bursitis calcarea verwar word: neerslae en corpora libra in die heupgewrig, splinter-frakture, eksostose, ossifikasie punte, miositis ossificans, foute op die röntgenfoto en skaduwees van die papilla mammae in tewe.

BRONNELYS

1. Edeiken J 1981 Röntgen diagnosis of diseases of bone. 3rd edn. Williams and Wilkins, Baltimore: 1105-1106
2. Mayrhofer E, Olensky G 1978 Bursitis calcarea in Hüftgelenksbereich beim Hunde. Wiener Tierärztliche Monatsschrift 65: 193-199
3. Morgan J P 1972 Radiology in Veterinary Orthopaedics. Lea and Febiger, Philadelphia: 371-374
4. Sisson S, Grossman J D 1966 The anatomy of the domestic animals. 4th edn. W B Saunders Co., Philadelphia: 380-385

SOÖTEGNOLOGIE VAN GESELSKAPSDIERE — 'N NUWE BEHOEFTE, 'N NUWE UITDAGING

J.S.J. ODENDAAL*

ABSTRACT: Odendaal J.S.J. **Zootechnology of companion animals — a new need, a new challenge.** *Journal of the South African Veterinary Association* (1987) **58** No. 1, 33-37 (En), (Afrik.) Department of Zootechnology, Faculty of Veterinary Science, University of Pretoria, Private Bag X04, 0110 Onderstepoort, Republic of South Africa.

The outline and motivation for a new subject in the veterinary curriculum is given. The pregraduate curriculum is divided into ethology, handling, management and care, breeding, behaviour, nutrition, knowledge of breeds, shows, obedience and training of companion animals, the possible clinical implications of normal breed characteristics, the companion animal market, practice management, the study of the human to animal contact and the specialised application of such contacts.

Key words: Zootechnology, companion animals, curriculum.

INLEIDING

Wanneer 'n nuwe vak tot die veterinêre kurrikulum gevoeg word, behoort dit nie net van akademiese belang te wees nie, maar ook vir die hele professie. Die vraag kan tereg gevra word of daar nog plek is vir "nuwe" vakke en studierigtings in 'n reeds oorvol kurrikulum. Sou bykomende kennis werklik van nut wees vir die toekomstige veearts en professie, asook vir die publiek wie die professie bedien.

Om hierdie vrae te beantwoord, is besluit om 'n vakomlyning wat ook as motivering kan dien, aan die professie bekend te stel.

Die doelwitte bly steeds opleiding, navorsing en diens aan die gemeenskap soos dit in die universiteitsbeleid bepaal word. Opleiding sal in hierdie artikel meer volledig bespreek word.

OPLEIDING

Die vak soötegnologie van geselskapsdiere, is 'n studie wat handel oor die tegniek om diere tot voordeel van die mens aan te wend, sonder dat diere daardeur misbruik word. Die spesies hier ter sprake is die sg. geselskapsdiere waarvan die hond en kat klassieke voorbeelde is.

Hierdie is natuurlik nie 'n totaal nuwe vak nie, maar daar is gepoog om die meer bekende dele met nuwe klem en oorgawe te doseer, sowel as om 'n aantal nuwe perspektiewe toe te voeg. Die benadering is oorwegend prakties georiënteerd en toepassing van die biologiese wetenskappe is die uitgangspunt van die leerplan.

Die leerplan word in twaalf afdelings verdeel en elke afdeling word kortliks bespreek. Elke afdeling word in die kursus vooraf gegaan deur 'n aantal doelstellings en daarna word die praktiese voordele wat dit vir die veearts inhou, uitgewys.

1 Geselskapsdiere se gedrag

Die domestikasie-proses van geselskapsdiere is steeds in spekulasie gehul terwyl aanduidings gevind is dat die hond sedert die begin van die geskiedenis 'n noue band met die mens gehad het. Die kat se noue verbintenis met die mens dateer ongeveer 7 000 jaar terug. Alhoewel die domestikasie-proses grootliks onbekend is, is dit egter duidelik dat as hierdie diere se gedrag nie onder die beheer van die mens gebring kon word nie, hulle steeds ongedomestiseerd of "wild" sou gebly het. Die steeds nouer-wordende kontak tussen die mens en geselskapsdier vereis dat diere se gedrag beter verstaan moet word. Die sukses van mense, soos veeartse wat met diere werk, hang reeds nou saam met die kommunikasie wat hulle met die dier kan bewerkstellig asook die beheer wat hulle oor die diere kan uitoefen.

'n Mens kan seker toegee dat daar persone is wat 'n natuurlike aanvoeling, of sesde sintuig het om diere te verstaan, maar 'n basiese boekekennis bly steeds van primêre belang — veral dan vir dié van ons met net vyf sintuie! Tweedens is praktiese oefening ten opsigte van dieregedrag nodig. Dit impliseer dat studente soveel en so lank as moontlik blootgestel moet word aan diere. Gesonde diere moet dus altyd beskikbaar wees sodat studente in die teenwoordigheid van diere kan verkeer.

Diere se gedrag is nie 'n gegewe konstante nie want diere se temperament en aanpassingsvermoë verskil. Daar is dus variasies om te ken en te antisipeer. Verrassingsgedrag kan gevaarlik wees en dit help om voorbereid te wees op sg. onvoorspelbare gedrag. Die veearts wat met 'n groot aantal vreemde diere teen 'n vinnige tempo kontak maak, kan nie bekostig om aanhoudend met onbeheerbare diere te sukkel nie. Daar moet deur die kennis van dieregedrag onderskei word tussen afwykende (abnormale) en vir die mens onaanvaarbare gedrag (maar wat wel normaal kan wees vir die dier). Dit is belangrik as advies gegee moet word ten opsigte van klagtes oor gedrag en die behandeling daarvan.

2 Hantering van geselskapsdiere

'n Saak wat nou aansluit by dieregedrag is die hantering van diere. 'n Mens kan byna nie waag om 'n dier te hanteer voordat die dier se temperament of gedragsreaksies vasgestel is nie. Die hantering van diere vind meesal ten aanskoue van een of meer omstanders plaas. Die wyse waarmee die veearts die dier hanteer laat meesal 'n blywende indruk ten opsigte van die hele pro-

* Dept. Soötegnologie, Fakulteit Veeartsenykunde, Privaatsak X04, 0110 Onderstepoort, Republiek van Suid-Afrika.

0038-2809/87/01/0033-0037

fessie! Al word korrekte hantering nie altyd opgelet nie, kan swak of onbeholpe hantering die veearts se beeld ernstig skaad.

'n Ander belangrike aspek van dierehantering is beserings. Ondoeltreffende hantering lei nie net tot beserings van die dier nie, maar dikwels ook van die veearts. In sekere sin is die veearts 'n "hande-arbeider". Dis feitlik ondenkbaar dat 'n veearts sy praktyk voortsit sonder twee gesonde hande. Wonde, pyn en sepse opgedoen a.g.v. onbehoorlike hantering van diere, belemmer daaropvolgende hanterings en veroorsaak soms totale ongeskiktheid om die werk voort te sit. Dit kan lei tot 'n verlies aan inkomste, 'n verlies aan waardigheid en soms self 'n verlies van 'n kliënt.

Enige kliniese werk begin met die korrekte hantering van die dier. Dit is dus ideaal dat studente hierdie aspek deeglik onder die knie kry vóórdat hulle die kliniese vakke aanpak. 'n Onhanteerbare dier kan nie ondersoek of behandel word nie. Goeie hantering lei tot 'n beter kliniese ondersoek, diagnose, behandeling en sukses. Suksesvolle behandeling hang ook af van suksesvolle hantering veral as sekere tuisbehandelings van die eienaar verwag word. Die veearts behoort in sulke gevalle die korrekte hantering vir byvoorbeeld doserings te kan demonstreer, anders kan die kliënt dalk nie die behandelings tuis uitvoer nie. 'n Praktyk waar diere nie korrek hanteer word nie, kan nie floreer nie. Alhoewel daar helpers en verpleegsters is wat die veearts kan bystaan, moet hy persoonlik steeds die verantwoordelike persoon wees wat die moeilikste gevalle kan hanteer. By sogenaamde onhanteerbare gevalle het die veearts ook die kennis van, en toegang tot middels en middele om hantering te vergemaklik. Dit is uiteindelik die veearts wat bewondering moet afdwing vir sy korrekte hantering van diere — veral waar ander persone in hierdie opsig gefaal het.

3 Bestuur en versorging van geselskapsdiere

Die bestuur en versorging van geselskapsdiere kry al hoe groter betekenis, namate geselskapsdiere in groepe aangehou word vir toegepaste doeleindes, soos byvoorbeeld die sekuriteitsafdelings van groot instansies. Hier word honde gebruik om te help wagstaan, om onluste te beheer, om patrolliewerk te doen en om misdaad te bestry. Daar is ook die bedryf van dierehotelle rondom stede. Troeteldierwinkels laat dikwels veel te wense oor en dierebeskermingsverenigings moet ook in steeds groter mate diere huisves en versorg. Die nuutste neiging is ook om diere in toegepaste verband by institusies aan te hou. Die bestuur en versorging van hierdie groepe diere is van kardinale belang as daar teenprestasie van die diere verwag word. Indien daar probleme in die verband opduik, en gewoonlik is dit kroniese probleme wat op 'n dag chaos veroorsaak, is dit die veearts wat genader word om die saak reg te stel. Die veearts as kenner moet kan onderskei tussen doeltreffendheid van stelsels al dan nie. Swak bestuur en versorging kan net soos voeding aanleiding gee tot kliniese siektetoestande. 'n Basiese kennis oor behuising, higiëne, sanitasie, parasietbeheer en voorkomende geneeskunde moet deel wees van die veearts se bydrae in hierdie verband. Alhoewel sommige meen dat dit hier maar bloot gaan om die gebruik van gesonde verstand, sal 'n mens verbaas wees juis hoeveel sogenaamde gesonde verstand by leke ontbreek. Die veearts is ook ten nouste betrokke by die bestuur en versorging van siek diere wat in sy sorg geplaas is by dierehospitale en klinieke. Die aanhou van diere en die spanning wat daarmee gepaard gaan, is beslis ook faktore wat in ag geneem moet word. Basiese beginsels, die bestuur en versorging van diere moet neergelê word aangesien dit die beginpunt van die uiteindelike sukses is waarvoor die diere aangehou word. Indien die veearts hier ferme leiding kan neem, kan vele onnodige probleme in die toekoms voorkom word.

4 Telingsgedrag van geselskapsdiere

Hierdie is een onderwerp waar daar by die publiek groot onkunde oor bestaan. Die mees algemene fout is om kennis oor die mens se geslagsfunksies netso op diere toe te pas. Soos in baie ander gevalle word spesie-verskille nie behoorlik begryp nie. Dit lei tot talle navrae in die praktyk oor diere se normale telingsgedrag. Die veearts behoort ook te kan adviseer oor teelprogramme, asook oor probleme met telingsgedrag. Gedragsprobleme moet behandel word sover dit prakties moontlik is en daar moet later onderskei kan word tussen gedragsprobleme en patologies-geslagskundige toestande.

As dit kom by die teel van diere het die veearts 'n eweeens belangrike rol te vervul. Massatelers met winsbejag as primêre doel dra niks by tot 'n beter geselskapsdieropset nie. Diere in hierdie verband word dikwels misbruik en voornemende kopers word dikwels om die bos gelei. Dit het hoog tyd geword dat die professie in hierdie veld aktief betrokke raak en standpunt inneem. Massateling wat net één aspek van teling in berekening bring naamlik winsneming, kan selfs as wreedheid teenoor diere gereken word. Daar is ook aan die anderkant geregistreerde telers wat leiding van die veeartse nodig het. Daar is oral sogenaamde kenners wat slegs van die veearts se dienste gebruik maak indien 'n teelprogram misluk. Telers meen dikwels dat inteling die normale verloop van sake is. 'n Balans tussen verbreding van die genetiese poel en die behoud van ras-egtheid moet egter nagestreef word. Die veearts behoort hierby ten nouste betrokke te raak.

5 Kontak tussen mens en geselskapsdiere

'n Moderne neiging is die herevaluasie van geselskapsdiere. Daar is tans dwarsoor die wêreld studies aan die gang oor hierdie onderwerp. Die band tussen mens en dier is eeue oud en dit lyk asof die intensiteit van hierdie verhouding aan die toeneem is. As daar dus ooit 'n standhoudende simbiose tussen spesies was, dan is hierdie 'n goeie voorbeeld daarvan. Die hond is byvoorbeeld van nature 'n aandagsoeker en hy het hierdie aandag, sowel as kos, water en versorging by die mens gekry. Aan die anderkant het die mens gou die hond tot sy eie voordeel ingespan vir beskerming en jag as 'n getroue vriend en metgesel. Die snel verstedelikingsproses van die huidige eeu, het daartoe gelei dat die kontak tussen mens en dier tot 'n mate verlore gegaan het. Intermenslike spanninge as gevolg van verstedeliking het toegeneem. Van die relatief ontspanne, vrye omstandighede met relatief minder verantwoordelikhede wat die mens ná aan die natuur ondervind het, het min van oorgebly en bevind die mens hom nou in 'n moderne samelewing waar groot getalle mense saamwoon. Eensaamheid bly egter steeds 'n wesenlike probleem. Baie mense hanteer hierdie situasie moeilik en ontvlugting volg dikwels. Neuroses en senusiektes het tot so 'n mate toegeneem, dat pasiënte dokters dikwels moet besoek as gevolg van

psigiese en psigosomatiese probleme. Veral gedurende die tagtigerjare "ontdek" wetenskaplikes van verskeie dissiplines dat daar ook onder andere 'n metode is waarmee die moderne mens sy spanning op 'n gesonde manier kan ontlaai. So word geselskapsdiere op verskeie maniere benut, of dan om letterlik diere "voor te skryf". Hierdie diere kan wees van die huishond of kat wat ons feitlik almal besit, tot in die mees gespesialiseerde toepassings. 'n Pionier op die gebied, dr Boris Levinson, beweer dat ons nog slegs 'n vae benul van die terapeutiese implikasie van troeteldiere het. Hy glo dat ons moontlik in diereterapie, 'n instrument gevind het wat dit moontlik maak om daardie onbegrypbare iets, wat emosionele genesing bevorder, oor 'n lang tydperk en onder 'n vergrootglas te kan ondersoek. Daar bestaan baie geleenthede tot navorsing in hierdie veld. As ons aanvaar dat ons kinders 'n goeie kans het om in 'n chaotiese versteurde wêreld groot te word, en ons besit 'n terapeutiese middel soos die gebruik van troeteldiere as 'n ondersteuning vir geestesgesondheid, dan betaam dit ons om hierdie moontlikhede ten volle te ondersoek en te ontwikkel. Indien ons dit nie doen nie, dan moet ons as volwassenes die volle verantwoordelikheid vir die gevolge van ons nalatigheid dra[6]. Die meeste mense het 'n behoefte aan die natuurlike, omdat die mens self deel is van die natuur. Plastiekspeelgoed en die alles-vervangbare goedere bring nie altyd rus en volledige ontlading nie, inteendeel, dit kan eerder spanning verhoog. Die gevoel vir natuurlike lewe, warmte, aanraking en aanvaarding wat geselskapsdiere kan bied, verskaf 'n kanaal vir spanningsverligting. Hierdie spannings-ontladingsvoorwerpe is beskikbaar soos dit die behoefte hom voordoen en dit vorm in die koper-en-glas omgewing 'n skakel terug na die natuur. Geselskapsdiere het wonderlike aanpassingsvermoë getoon deur hulle saam met die mens in die betonoerwoud te vestig. Die rede daarvoor kan wees die tweerigting voordeel wat mens en dier van mekaar kan kry en so is die eeue-oue simbiose voortgesit. Honde en katte is natuurlik nie die enigste diere wat hulle intrek saam met die mens in die stad ingeneem het nie. Kouvoëls, eksotiese diere en selfs perde rondom stede, speel vandag net so 'n belangrike rol. Die gebruik van die perd was bedreig deur die meganika, maar vandag word selfs in die ontwikkelste lande, groot getalle perde naby stede aangehou om kontak met die natuur te behou.

Ons kan dus aflei dat verstedeliking en spanning vir vandag se mens feite is, en dat hierdie feite vir die mens behoeftes laat ontstaan het om steeds kontak met die natuur te behou en om op 'n gesonde wyse van sy spanning ontslae te raak. Geselskapsdiere kan in beide hierdie behoeftes voorsien en op dié wyse is daar 'n hegte emosionele band tussen mens en dier gesmee[9].

Niemand kan ontken dat die veearts wat betrokke is by geselskapsdierpraktyk 'n groot verantwoordelikheid op hom neem nie — nie net om diere te dokter nie, maar ook om die behoeftes van die eienaar van hierdie diere in ag te neem. Of vandag se veearts so 'n verantwoordelikheid wil ontduik sal eenvoudig nie help nie, omdat die noue band wat tussen geselskapsdier en eienaar gevorm word, 'n realiteit is. Die voornemende veearts sal dus nie net van hierdie aspek moet kennis neem nie, maar hom ook daarvoor deeglik moet voorberei.

De Groot[3] meen dat daar in hierdie opsig 'n nuwe wetenskaplike benadering nodig is wat morele waardes, etiese oorwegings en emosionele betrokkenheid in ag moet neem. Anders kan die realiteite van die natuur nie vasgestel word nie. Die nuwe benadering kyk nie net vas teen oorsaak en gevolg nie, maar werk met 'n oop sisteem waarin die mens wel deeglik betrokke by is.

Kliënte verwag van die veearts hulp en besorgdheid en hulle soek leiding met betrekking tot 'n gepaste verhouding tussen hulle en die troeteldier. Ons moet nie toelaat dat kliënte so versot raak op hulle troeteldiere dat ander naby-mense se behoeftes uitgesluit word nie. Netso behoort ons ook nie 'n gesonde verhouding wat perspektief behou soos tussen 'n seun en sy hond, 'n huisvrou en haar kat, 'n man met sy jaghond of 'n ou weduwee met haar vet Dachshund, te ontmoedig nie, sê McCoy[8]. Hy sien die moderne ontwikkeling in Veterinêre Fakulteite as volg: Lede van Veterinêre Fakulteite moet besef dat in hul najaag van geneeskundige spesialisasies, hulle 'n tonnelvisie kan ontwikkel wat nadelige gevolge vir die studente kan hê. Ons behoort studente aan te moedig om te glo dat 'n gesonde dier *en* 'n gelukkige kliënt genoeg rede is vir volle werksbevrediging. Ons professie selekteer natuurlikerwys persone met sterk medemenslike waardes. In 'n wêreld wat die vermoë besit van selfvernietiging, vol van wrede dade van aggressie teenoor ander mense, kan die navolging van hierdie belangrike waardes dalk aangeteken staan as die veeartse se grootste bydrae tot die gemeenskap.

Hierdie sienings het ook alles te doen met professionalisme as gekyk word na wat Hopkins[5] oor 'n professie te sê het. Die basies etiese oorweging van enige professie moet die besorgdheid en hulp aan ander mense betrek. Soos ons ons spesialisasie in tegnieke verbeter (en dit is vanselfsprekend uiters belangrik), moet ons egter nie hierdie basiese konsep miskyk nie. Met so 'n siening beoefen ons 'n professie, sonder dit bedryf ons 'n ambag.

Herrick[4] onderskryf Hopkins se sienings van 'n professie en verklaar dat 'n professie aanvaar as sy hoofdoel 'n bydrae tot die gemeenskap; dit het 'n standaard van uitnemendheid en 'n kode waardeur sy lede die beste diens aan die publiek kan lewer, dit praat die waarheid, ontken valshede en dien deur gesonde oordeel, en nie emosies nie, asook deur feite en nie verbeelding nie en laastens, 'n professie stel 'n voorbeeld vir die gemeenskap deur sy morele optredes.

Die basiese wetenskap en kliniese agtergrond is eenvoudig nie meer genoeg om veeartse op te lei nie. Die moderne kliënt sal 'n veearts kies wat sy werk goed doen, maar wat ook aan die kliënt se emosionele behoeftes kan voldoen. Uiteindelik is dit tog nie die dier wat die veearts aanbeveel, hom betaal of tevrede is met die dienste gelewer nie, maar wel die eienaar van die dier. Alhoewel die pasiënt met die grootste mate van kennis en sorg behandel moet word, gaan sukses afhang van hoe die veearts met sy kliënte omgaan. Só vervul die veearts belangrike gemeenskapsdiens.

6 Toegepaste gebruike van geselskapsdiere

Met die voorafgaande as agtergrond sal hierdie kursus hom ook moet besig hou met gespesialiseerde toepassings van geselskapsdiere. Hierdie toepassings word veral op die para-mediese terrein aangewend, maar ander dissiplines is ook betrokke. Dit skep 'n buitengewone geleentheid vir inter-dissiplinêre samewerking.

Die mees bekende van hierdie gebruike is gidshonde vir blindes. Van die nuwere ontwikkelings is seinhonde vir dowes, dienshonde vir parapleë, geselskapsdiere in ouetehuise (as gelukbringers, besoekers, of inwonend).

Geselskapsdiere word ook al hoe meer gebruik in inrigtings vir fisiese en geestelike gestremdes asook langtermyn gevangenes. Daar is ook al ondersoek gedoen ten opsigte van die toelating van geselskapsdiere by kroniese en terminaal pasiënte in hospitale. Op onderwysgebied is geselskapsdiere al aangewend vir bewaarskole, weeshuise en selfs in die klaskamer. So word onder andere veeartse, medici, verpleegsters, kliniese sielkundiges, psigiaters, maatskaplike werkers en pedagoge by hierdie saak betrek. In Suid-Afrika word al hierdie velde reeds ondersoek vir behoorlike ontginning en ons glo dat dit ook nuwe beroepsgeleenthede vir die veearts en die veterinêre verpleegster sal skep.

Hoe nouer die kontak tussen mens en dier ontwikkel word, des te meer word die veearts onmisbaar in hierdie opset. As daar probleme kom, sal die veearts genader word. Dit is dus essensieel dat veeartse vir hierdie omstandighede voorbereid en opgelei moet wees ten einde leiding te kan neem. Indien die professie in hierdie saak onbetrokke raak, sal hierdie studieveld grootliks uit hulle hande raak en sal dit soveel moeiliker wees om weer nuwe rigting en insig daar te stel.

Bustad[1] haal uit die veeartseed die volgende aan "Ek wy myself plegtig, en die kennis wat ek besit, toe, tot voordeel van die gemeenskap". Hy vervolg deur te sê dat die veeartseed hiermee nuwe horisonne open in die lig van diere-ondersteunende-terapie, en beweeg van 'n eng tegnies bedrewe praktykvoering na 'n veel wyer professionalisme.

In nog duideliker taal verklaar Levinson dat sedert die verhouding tussen die mens en sy troeteldier verander het, die funksie van die veearts ook van gedaante moet verwissel. Die veearts kan hom nie langer alleen beperk tot die beskerming van die fisiese gesondheid van die gesin se troeteldier nie, hy moet ook betrokke raak by die geestesgesondheid van die gesin wie se dier hy behandel. Hierdie neiging is so onkeerbaar dat veeartse lede van geestesgesondheidsspanne sal word. Mense wie by geestesgesondheid betrokke is, werk nie alleen om emosionele afwykings in die minderheid te behandel nie, maar ook om emosionele gesondheid onder die meerderheid te behou en te versterk. As 'n belangrike deelnemende lid van 'n geestesgesondheidsspan, sal die veearts 'n soortgelyke doel moet nastreef. Namate die veterinêre professie hierdie nuwe fase in hulle praktyke nastreef en ontwikkel, sal die voordele hiervan vir almal in die gemeenskap duidelik word.[7].

7 Die voeding van geselskapsdiere

Namate daar van geselskapsdiere al hoe groter en meer prestasies verwag word, het die voeding van hierdie diere ook belangriker geword. Waar geselskapsdiere byvoorbeeld as kind-substituut aangehou word, het voeding ook uit so 'n oogpunt meer aandag gekry. Dit is noodsaaklik dat die veearts vrae ten opsigte van voeding sal kan beantwoord, ook ten opsigte van die spesiale behoeftes van geselskapsdiere. Dit het dalk ook tyd geword dat ons meer krities sal kyk na die voeding wat vir geselskapsdiere beskikbaar is. In produksiediere kan maatstawwe soos groeitempo, gewigstoename, produkgehalte en markpryse 'n goeie aanduiding van prestasie gee, maar by geselskapsdiere is dit meesal subjektiewe oordeel. Dit is dus veel moeiliker om uit te vind of 'n troeteldier se dieet op die *lang* duur, voor- of nadelig is. 'n Verdere vraag is of dit aanvaarbaar is dat 'n liggaam eenvoudig vol proteïene, energie en vitamine gepomp word sonder om eksterne faktore genoeg in ag te neem? Oefening en dieet gaan hand aan hand en die goed gevoerde troeteldier word dikwels nie die geleentheid tot gesonde oefening gebied nie. In die oorskakelingsproses van natuur ná verstedeliking was die voorsiening van goeie proteïen seker baie nodig. Maar nou dat verstedeliking 'n feit is, is al die proteïen en energie vir die agterplaas- en skoothond nog nodig? Daar is verskille in energie-behoeftes van gesteriliseerde diere, die groeiprosesse van klein en grootras honde, teelhonde en werkhonde, diere met verskillende temperamente, rasgeneigdhede, en diere wat skou.

Daar is ook vrae rondom die vorm van die kos, nat of droog, asook die soort vervaardigingsprosesse. Die voeding van weesdiere en die bepalende effek wat voeding op die eerste 6 - 10 maande van die dier se lewe het, is belangrik om latere probleme te voorkom.

Met geselskapsdiere waar daar 'n noue band tussen eienaar en dier bestaan, kom daar nog 'n belangrike aspek na vore waarvan 'n mens van kennis moet neem nl. antropomorfisme.

Dit is duidelik dat die veearts 'n enorme taak het om gesonde advies t.o.v. geselskapsdiere se voeding te gee. Waar voeding soms die onderliggende probleem van siektes is, behoort die veearts se kennis hom na 'n diagnose toe kan lei. Indien die probleem nie geïdentifiseer kan word en reggestel kan word nie, gaan die simptome bly bestaan ten spyte van talle kragtige chemiese en biologiese middels op die rak.

8 Rassekunde van geselskapsdiere

Dit is 'n groot verleentheid vir die veearts indien 'n eienaar met trots sy dier vertoon en die veearts dan nie die ras kan identifiseer nie. Nuwe rasse word steeds ontwikkel en dit is essensieel dat die veearts sal poog om op hoogte te bly. Die veearts word ook as kenner genader om advies te gee oor die aankoop van sekere rasse. As daar 'n gebrek aan rassekunde bestaan, kan sulke advies eenvoudig nie gegee word nie — veral nie as rasse vir spesifieke doeleindes aangewend word nie. Kennis ten opsigte van die rasse se uitwendige eienskappe, sowel as die ras se temperament, is dus van belang.

9 Beoordeling van genetiese raseienskappe

In hierdie afdeling word beoog om 'n gaping te vul tussen die basiese genetika asook genetiese afwykings, en die kliniese vakke. Dit gaan hier om die uitwys van normale genetiese eienskappe van elke ras, maar wat uiteindelik van kliniese belang kan wees. Die genetiese resultaat van ras-eienskappe wat kan bydra tot kliniese toestande moet dus geïdentifiseer word. So 'n identifikasie kan van onskatbare waarde vir die veearts wees, wat ras na ras op sy konsultasietafel moet ondersoek.

10 Die skou van geselskapsdiere, afrigtingswerk en gehoorsaamheidstoetse in honde

Die hond leen hom uitstekend tot intensiewe afrigting. Hierdie afrigting en gehoorsaamheidstoetse verskaf nie net ontspanning vir die mens nie, maar verskaf ook oefening aan grootrashonde wat dikwels te min geleentheid vir oefening in die stad kry. Die waarde van 'n hond word verder deur afrigting en gedissiplineerdheid verhoog.

Die persone betrokke by hierdie diere is gewoonlik in klubs saamgetrek en hierdie klubs betrek dikwels 'n veearts in 'n ere-posisie. Indien dan nie op daardie wyse nie, is die veearts in praktyk ook intens betrokke by hierdie prestasie-diere se gesondheid, voorbereiding en instandhouding van vorm. Byeenkomste soos skoue is egter die ideale geleenthede vir die veearts om sy betrokkenheid en belangstelling op 'n breër terrein as die konsultasiekamer te toon. 'n Mens kan sê dat dit die regte plek vir openbare skakelwerk is.

11 Geselskapsdiere as bedryf

Geselskapsdierbehoeftes soos slaaphokke, diere-klere, was-en-skeer, wasmiddels, hals- en leibande, kosbakke, voeding, dierehotelle, troeteldierwinkels, dierewelsynsorganisasies, diere by firmas en institusies, diere-tydskrifte en boeke, klubs, koop en verkoop van diere, advertensies en lisensies het daartoe gelei dat geselskapsdiere 'n geweldige bedryf geword het. In die VSA is bereken dat 78,3% van alle gelde vir veterinêre dienste aan geselskapsdiere ("pets") bestee word. As perde bygereken word, is dit 82,2%. Slegs 17,8% van die totale besteding aan veeartse, kom van die landbou[2].

As deel van hierdie bedryf, lewer die geselskapsdierveearts dus 'n belangrike bydrae. Veeartsfooie is dan ook dikwels 'n onderwerp van bespreking. Sonder om uitbuiters van die situasie te wees, sal die professie wel sy deel ontvang. Die goue reël wat egter gaan bepaal of die veearts se dienste in aanvraag bly, gaan nie wees hoe duur of hoe goedkoop hy kan diens lewer nie, maar of die geselskapsdiereeienaar gaan voel dat hy/sy waarde vir geld kry! Dit word weer bepaal deur effektiewe behandeling (sukses) tesame met behoorlike konsultasie (kommunikasie). As sukses en/of kommunikasie ontbreek, sal die eienaar voel dat die diens nie waarde vir geld was nie en behalwe vir noodsaaklikhede, sal geld eerder op ander aspekte van die bedryf spandeer word. Die veearts se wins kan bereken word in terme van *geld* sowel as *werksbevrediging* en *erkenning* deur die gemeenskap. Studente sal bewus gemaak moet word van die waarde van die veearts se bydrae in hierdie bedryf en sy werk ook in terme van die bedryf beoordeel.

12 Praktykvoering en bestuur

Praktykvoering is 'n aspek wat tot nou toe in die geselskapsdierveld agterweë gebly het. Dit is die gedeelte tussen die "belê" en "wins". 'n Mens kan dit opsom as belegging, bestuur en bevrediging (werks, finansieel en erkenning). Sekere beginsels in hierdie verband kan vir die student van groot waarde wees. 'n Mens ontken nie die individualiteit t.o.v. praktykbestuur nie, en elke veearts as bestuurder van sy praktyk kry die geleentheid om sy praktyk te reël na eie wense en behoefte. Maar intussen word die kompetisie hewiger. Sekere foute in praktykbestuur leer 'n mens net deur skade en skande as jy nie vooraf daarvan bewus was nie. Die idee is dus om sekere riglyne so te trek dat probleme in 'n jong praktyk eerder voorkom word as om dit later te probeer regstel. Praktyke moet in hierdie labiele ekonomiese tye so bestuur word dat dit steeds die bes moontlike diens lewer, sonder dat oorhoofse koste of lompe administrasie die praktyk knel. Kort paaie wat na afgronde lei en oorbehandelings moet vermy word. Die knapste veearts kan egter finansieel sukkel indien sy praktykbestuur nie op standaard is nie. Die eerste reaksie is om die fooie te verhoog, maar een fout kan nie deur 'n ander fout reggestel word ie.

Ter wille van oorlewing, is gesonde bestuursaspekte vir die veearts in praktyk 'n noodsaaklikheid.

SAMEVATTING

Uit die voorafgaande is die nuwe afdelings van die vak duidelik. Die gespesialiseerde spesies-benadering verhoed nie dat baie van die beginsels netso van toepassing is op 'n breër veterinêre terrein nie. Dat vandag se student by hierdie byvoeging tot die kurrikulum kan baat, behoort geen twyfel te laat nie.

Aan die begin van hierdie eeu het die land sekere belangrike vraagstukke op die weg van die veearts geplaas, wat opgelos moes word. Pioniers het na vore getree en wêreldroem verwerf op die wyse waarop hulle die land se veestapels en perdepopulasie kon red. Maar tye, omstandighede en behoeftes het verander en nuwe vraagstukke word na vore gebring. Die nuwe uitdagings aan die stadsveearts wat hom op geselskapsdiere toelê, mag dalk minder dramaties en opvallend wees, maar dit is geensins van minder belang nie — want dit raak die mens netso intiem. Die rol wat die geselskapsdier tuis vervul word grootliks onderskat omdat dit dalk te vanselfsprekend is. Geselskapsdiere funksioneer egter vandag as 'n belangrike onderdeel van die moderne mens se sosiale sisteem.

Met die herontdekking van die waarde van geselskapsdiere vir die mens sal daar weer pioniere uit die professie na vore tree om die uitdagings die hoof te bied. Interdissiplinêre studies het noodsaaklik geword en hierin is die veearts onvervangbaar. Netsoos die landbousektor 'n dringende appèl tot die professie gerig het aan die begin van die eeu, netso rig die stedelike-sektor vandag sý appèl tot die professie.

VERWYSINGS

1 Bustad L K, Hines L M, Leathers C W 1981 The human-companion animal bond and the veterinarian. The Veterinary Clinics of North America: Small Animal Practice 11: 807
2 Charles, Charles and Associates 1983 Excerpts of the Veterinary Services Market: Summary Report Part II. California Veterinarian 11: 36
3 De Groot A 1984 Preparing the veterinarian for dealing with the emotions of pet loss. Arkow P (Ed.) The Pet Connection University of Minnesota, Minnesota: 288
4 Herrick J B 1979 What is a profession. Veterinary Medicine, Small Animal Clinician 1: 12
5 Hopkins A F 1980 Our responsibility to understand client needs. Nordon News 3: 12-14
6 Levinson B M 1975 Pets and Environment. In: Anderson R S (Ed.) Pet animals and Society Bailliére Tindall, London: 17
7 Levinson B M 1965 The Veterinarian and Mental hygiene. Mental Hygiene 49: 320-323
8 McCoy P 1984 Student value systems in veterinary colleges. Journal of Veterinary Medical Education 11: 17
9 Odendaal J S J 1981 Die veearts, troeteldiere en psigoterapie. Tydskrif van die Suid-Afrikaanse Veterinêre Vereniging 52: 330-337

ABSTRACT

SAMEVATTING

LEPTOSPIROSIS AS A CAUSE OF "WHITE SPOT" KIDNEYS IN SOUTH AFRICAN PIG ABATTOIRS

The incidence of isolation of *Leptospira* sp. from the kidneys of slaughter pigs with "white-spot" macroscopic lesions was determined. Histology and general bacteriology were performed. *Leptospira pomona* was isolated from 19/21 kidneys showing macroscopic lymphocytic lesions. (Hunter, Pamela, Van der Vyver, F.H., Selmer-Olsen, Anne, Henton, Maryke M., Herr, S. & De Lange J.F., 1987. Leptospirosis as the cause of "white-spot" kidneys in South African pig abattoirs. *Onderstepoort Journal of Veterinary Research,* 53, 59-62 (1987).)

ABSTRACT

SAMEVATTING

OVINE HEPATOGENOUS PHOTOSENSITIVITY CAUSED BY THE PLANT *NIDORELLA FOETIDA*

Following a field outbreak of hepatogenous photosensitivity in sheep, an identical condition was reproduced experimentally by dosing 2 sheep with green, homogenized, *Nidorella foetida* material, collected from the camp where the outbreak occurred. This is a rare, unpalatable, aromatic shrub found in swampy places in the south-western Cape province. The main lesion was a hepatosis, characterized by peripheral coagulative necrosis and midzonal degeneration in the 2 acute cases and mild bile duct proliferation and hepatic regeneration in the more chronic field case. (Schneider, D.J., Green, Jennifer R. & Collett, M.G., 1987. Ovine hepatogenous photosensitivity caused by the plant *Nidorella foetida* (Thunb.) DC (Asteraceae). *Onderstepoort Journal of Veterinary Research,* 54, 53-57 (1987).)

ABSTRACT

SAMEVATTING

RESISTANCE OF SHEEP TO POISONING BY THE PLANT, *MARTICARIA NIGELLIFOLIA* DC.

The plant, *Matricaria nigellifolia,* was dosed to 2 sheep to reinvestigate whether or not sheep are suspectible to pushing disease ("stootsiekte"). Each sheep received a total dose of 370 g/kg of the milled, dried plant from a batch that had caused pushing disease in cattle when given at doses as low as 10 g/kg.

Neither of the sheep developed clinical disease over the trial period of 60 days, and necropsies revealed no macro- or microscopical lesions.

Sheep are apparently resistant to pushing disease, which supports previous findings. (Newsholme, S.J. & Kellerman, T.S., 1984. Resistance of sheep to poisoning by the plant. *Matricaria nigellifolia* DC. *Onderstepoort Journal of Veterinary Research,* 51, 277-278 (1984).)

THE IMPORTANCE OF ESSENTIAL FATTY ACID EVALUATION AND SUPPLEMENTATION IN FELINE DIETS

B.C. DAVIDSON* and C.S. TRAHER*

ABSTRACT: Davidson B.C.; Traher C.S. **The importance of essential fatty acid evaluation and supplementation in feline diets.** *Journal of the South African Veterinary Association* (1987) **58** No. 1, 39-41 (En). Department of Medical Biochemistry, University of the Witwatersrand Medical School, York Road, 2193 Parktown, Johannesburg, Republic of South Africa.

The importance of essential fatty acids and their supplementation in the diets of obligate carnivores should be an area of concern amongst veterinarians. Certain species of the Felinae have been shown to be obligate carnivores as a result of fatty acid desaturase enzyme deficiencies. Modern dietary practices of processing and pelleting foods can destroy the essential fatty acid (EFA) potency of these foods. Supplementation of the diet with oils high in EFA should be considered, and the possibility of EFA deficiency amongst domestic carnivores should not be overlooked.

Key words: Essential fatty acids, essential fatty acid deficiency, cats, carnivores, dietary supplements.

INTRODUCTION

The obligate carnivore status of a number of animal species has been apparent for many years. However, until recently no evidence was available to pinpoint the exact nutritional requirement satisfiable only by the consumption of other animals. The obligate carnivore nature of a species, or its predecessors, most probably is not the result of such a requirement. Genetic changes in a non-carnivore would be extremely unlikely to provide, within the same generation, the killing instinct and necessary bodily equipment to fulfil the role of carnivore. It is much more likely that there was slow adaptation to becoming efficient carnivores; and that the loss of the ability to produce the necessary nutrients from plant precursors was secondary to this change. Such species, irrevocably, became obligate carnivores.

The first biochemical evidence for the obligate carnivore nature of the domestic cat was published in 1975[1], when cat liver was shown to lack the enzyme Δ-6-desaturase. Further evidence was published later by the same group[2]. This enzyme is responsible for the further desaturation of the polyunsaturated essential fatty acids obtained from plant material, and thus its lack deprives an animal of the ability to produce these longer chain more unsaturated fatty acids. Such fatty acids are, however, still required by the animal for the maintenance and construction of cell membranes, for cell-cell interactions, and for prostaglandin production, amongst other functions. Since these fatty acids are rarely produced by plants, but are produced by animal species without the enzyme lack, then they must be obtained from this source.

Similarly another feline species, the lion, has been investigated by the same group, and parallel results obtained[3]. More recently dietary modification of partially purified cat diets have indicated a requirement for the products of the next two desaturase enzymes in the cascade, Δ-5 and Δ-4-desaturases[4]. These fatty acids are found in large amounts in cell membranes, especially those of the central nervous system, and thus the lack of the enzymes or their production imposes a further dietary constraint on a species. The provision in the diet of only one or the other series of these fatty acids was shown not to be sufficient for the maintenance of normal growth and bodily function[4].

DIETARY POLYUNSATURATES

Polyunsaturated fatty acids are fatty acids with double bonds inserted into the hydrocarbon chain at regular intervals. Such fatty acids are normally named by counting from the methyl terminal or "ω" carbon atom. Therefore a double bond inserted between the carbon atoms ninth and tenth from the ω carbon is termed ω9. Plants are capable of inserting double bonds between the ω terminal and the ω9 carbon atoms, but animals are not able to perform this desaturation step. Animals do, however, require these double bonds for normal metabolism, and plant-derived polyunsaturated fatty acids with such double bonds are therefore "essential fatty acids" (EFA's) (Fig.1.). The two plant EFA's are linoleic acid (cis-C18:2ω6) and α-linolenic acid (cis-C18:3w3). These two compounds and their longer chain more unsturated derivatives cannot be interconverted by animals, thus there are two distinct families of polyunsaturated fatty acids (Fig. 2.).

The double bonds of most naturally occurring polyunsaturates are in the "cis-" stereoisomeric form (Fig. 3.). Many food manufacturing processes convert these "cis-"forms into the opposite or "trans-"forms, and such polyunsaturates do not exhibit EFA activity (Fig. 3.). Indeed many of them compete with EFA's, promote high cholesterol levels, interfere with prostaglandin synthesis, and block desaturase activity[5]. Similarly heat, often generated in food manufacture (rolling, pelleting, etc.), can destroy EFA in the lipid fraction of such foods, but without changing the apparent polyunsaturate level.

High levels of one desaturase reaction product will block the desaturation of other fatty acids of both the same family and the other family of polyunsaturates[6].

* Department of Medical Biochemistry University of the Witwatersrand Medical School, York Rd., 2193 Parktown, Republic of South Africa.

0038-2809/87/01/0039-0041

Arachidonic acid (cis-C20:4ω6)[7] rich foods, such as meat, may well be inhibitory of the desaturase enzymes by this mechanism. The three series of prostaglandins are synthesised from dihomogamma-linolenic acid (cis-C20:3ω6), arachidonic acid (cis-C20:4ω 6), and eicosapentaenoic acid (cis-C20:5ω3). These hormones often have antagonistic effects when one series is compared to another[8], and thus the maintenance of a correct balance between them is essential. A high meat intake, providing metabolically high levels of the 2 series precursor (arachidonic acid, 2-8%), may produce an imbalance between the three different series of these compounds.

CLINICAL SIGNS OF EFA DEFICIENCY

Classic-essential fatty acid deficiency include the following[9-11] —

a) Impaired growth.
b) Dry, scaly skin.
c) "Wire" hair.
d) Hair loss.
e) Open skin lesions.
f) Non-healing sores.
g) Anal encrustation.
h) Amenorrhoea.
i) Infertility.
j) Haemorrhage.
k) Spermal abnormalities.
l) Self-mutilation.
m) Distorted birth sex ratio.
n) Death.

